

3

BARMHARTIGHEIDSDIENS

Gee om vir iemand wat anders is

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus vir alle mense omgee en dat Hy wil hê ons moet ander help.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

- Die kinders moet weet die Here wil hê dat ons alle mense moet help.

Gesindheid

- Die kinders moet omgee vir alle mense.

Vaardigheid

- Die kinders moet in staat wees om mense, by wie se gesinne hulle toestemming gekry het, in 'n hospitaal of tuis te gaan besoek.

MEER INLIGTING (Matteus 8: 1-4)

In die tyd toe Jesus op aarde was, was daar nie sulke goeie dokters soos wat ons vandag het nie. Mense wat siek geword het, het dikwels lank siek gebly. As mense aansteeklike siektes gehad het, was die mense wat saam met hulle geleef het bang dat hulle by hulle sou aansteek en dan ook siek sou word. Daarom was dit die gebruik om mense wat sulke siektes gehad het, te vermy. Hierdie siek mense moes dan buite die dorp op hulle eie gaan bly het. Dit het groot hartseer veroorsaak, want die mense wat siek was, het baie swaar gekry en was dan ook nog alleen. Jesus het sulke mense nie vermy nie, maar oral waar Hy hulle teëgekom het, hulle gesond gemaak.

Jesus het ook baie ander mense, soos blindes en kreupeles, gesond gemaak. So leer Hy ons om om te gee vir alle mense in nood.

Ons gaan vandag ook die geleentheid kry om siek mense te besoek. Wanneer ons mense teëkom met aansteeklike siektes, moet ons nie soos Jesus dadelik met hulle in aanraking

kom nie. Jesus kon dit doen, want Hy was God en kon nie siek word nie. Ons moet eers al die voorsorgmaatreëls tref wat mediese personeel aan ons voorskryf, anders gaan ons aansteeklike siektes versprei en dalk ander se dood veroorsaak.

Ons gaan mense, by wie se gesinne ons toestemming gekry het, in 'n hospitaal of tuis besoek.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Reëlins vir vervoer vir die kinders. Gee vir elke kind 'n vrywaringsbriefie wat hulle ouers moet teken dat hulle siekes mag gaan besoek.
- Tref 'n reëling oor die verwagte tyd wanneer julle volgende Sondag weer by die kerk terug gaan wees.
- Kry by die dominee name en adresse van siek mense wat die kinders kan gaan besoek.
- Kry vooraf toestemming by hulle gesinne.
- Vir elke kind 'n A4-karton met vorms en teksverse soos aan die einde van die les.

KOM ONS BEGIN

Open met hierdie woorde uit Gesang 541: 1 en 2.

*Ons bring aan U, Heer Jesus,
ons lof en dank en eer.
Ons wil U met ons lewe,
terwyl ons jonk is, eer.
Ons wil U dien, Heer Jesus,
met ywer en met krag.
Help ons om as u kinders,
te doen wat U verwag.
Beheer ons hart en lewe,
o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late
vir U 'n vreugde wees. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer –

- of hulle Romeine 15: 17 kan opsê: *In Christus Jesus is ek trots op wat ek in diens van God verrig.*
- of hulle 'n kaartjie gemaak het vir een van die siekes wat hulle vandag gaan besoek.

Vra die volgende vrae en kyk of hulle die antwoorde ken.

- Waar leer ons van kleins af van God? *Ons ouers, by die kerk met preke, katkisasie, Bybelstudie, huisbesoek.*

- Hoekom kan mense wat gereeld eredienste bywoon, maklik glo? *Want hulle hoor dikwels van God, en die Heilige Gees help hulle om sy Woord te verstaan.*
- Gee God net om vir sekere mense? *Nee, God het alle mense lief.*
- Maak dit saak aan watter kultuurgroep 'n mens behoort en watter taal 'n mens praat? *Nee, God het almal lief en wil almal red.*
- Kan 'n mens in Jesus Christus glo as jy nog nooit van Hom gehoor het nie? *Nee, iemand moet jou daarvan vertel.*
- Wat is ons plig as kinders van die Here? *Om die evangelie te deel met al die mense oor die hele wêreld.*
- Wat anders, behalwe dat jy dit met jou mond uitdra, kan jy doen om God se liefde en trou uit te dra? *Deur 'n voorbeeld te wees vir ander mense; jou lewe moet vertel dat Jesus in jou bly.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Bring die volgende feite onder die kinders se aandag:

- In hulle omgewing kom hulle baie maal van siek mense te hore.
- Siek mense het sekere behoeftes, en soms is hulle net eensaam.
- 'n Besoek aan hulle kan hulle baie opvrolik en beter laat voel.
- 'n Mens kry altyd eers toestemming by die siekes se gesinne voor jy hulle gaan besoek – soms is hulle te siek om besoekers te ontvang.

IETS INTERESSANT

Lees Matteus 18: 1-4 aan die kinders voor. Vertel in jou eie woorde wat by MEER INLIGTING staan.

IETS BELANGRIK

- Jesus was vir ons 'n voorbeeld van hoe ons moet optree teenoor mense in nood.
- Ons moet altyd omgee vir mense in nood.
- Ons gaan ook vandag siekes besoek.
- Ons gaan vir die siekes 'n kaartjie gee en as julle daarvoor kans sien, vir hulle bid.

IETS OM TE DOEN

- Leer die kinders kortliks om die pasiënt te groet, te vra hoe dit gaan, beterskap toe te wens, die kaartjie te gee, te bid as hulle die vrymoedigheid het, en totsiens te sê.
- Stuur die kinders twee-twee saam met die persoon wat die vervoer voorsien het.
- Verskaf die naam en adres van die pasiënt.
- Die kinders gaan saam met die volwassene by die kamer of saal in, maar die kinders voer die gesprek.

AFSLUITING

- Sluit af met gebed en vra veral dat die Here mense wat in die nood is, sal help.
- Hulle moet op die afgespreekte tyd by die kerk terug wees.

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

DOEN

- Gee vir elke kind 'n A4-karton met vorms en teksverse soos op die volgende bladsy.
- Laat die kinders elke vorm uitknip en in hulle Bybels by die regte teksverse gaan plaas.
- Laat hulle nog 'n gedeelte in die Bybel gaan soek waar Jesus siekes gesond gemaak het en vir die klas daarvan kom vertel.
- Laat hulle vertel hoe hulle siekebesoek afgeloop het.

LEER

Laat die kinders Matteus 8: 3 memoriseer: *Toe steek Jesus steek sy hand uit, raak hom aan en sê: "Ek wil. Word gesond!" En sy melaatsheid was onmiddellik weg.*

Laat hulle die volgende vrae in hulle werkboeke beantwoord en dit leer.

- Hoekom het siekes in Jesus se tyd lank siek gebly? *Daar was nie sulke goeie dokters soos wat ons vandag het nie.*
- Waarom is siek mense in daardie tyd dikwels vermy? *Die mense wat saam met hulle geleef het, was bang dat hulle by hulle sou aansteek en dan ook siek sou word.*
- Wat was Jesus se optrede teenoor die melaatse man? *Jesus het die melaatse man gehelp en hom nie vermy nie.*
- Hoe wil Jesus hê moet ons optree teenoor mense in nood? *Jesus wil hê ons moet omgee vir mense in nood en hulle help.*
- Hoe het God veral aan ons barmhartigheid bewys in Johannes 3: 16? *God het sy Seun gestuur, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*
- Watter opdrag gee God aan ons in Galasiërs 6: 2? *God gee die opdrag dat ons mekaar se laste moet dra en so die wet van Christus vervul.*
- Watter diensgroepe bestaan in die gemeente om barmhartigheid aan lidmate te bewys? (Laat hulle hulle ouers gaan vra.) *Diensgroep vir bejaardes, diensgroep vir siekes, diensgroep vir huweliks- en gesinslewe, diensgroep vir enkelouers, diensgroep vir materiële nood, diensgroep vir bedroefdes, ensovoorts.*

**WEES VRYGEWIG
MET JOU GOEIE
WERKE!**

MATTEUS 5: 13-16

Wees vrygewig
met jou besittings!

1 Johannes 3: 16-21

Wees
vrygewig
met goeidoen!

Galasiërs 6: 9-10